

## VERBREDING VAN ONS GESKIEDENISBEELD — GESKIEDENIS IN ONS INDUSTRIËLE SAMELEWING\*

Sy Edele W.A. Cruywagen  
*Minister van Nasionale Opvoeding*

Dit is 'n voorreg om op hierdie wyse en op 'n meer persoonlike vlak weer skakeling met die Historiese Genootskap van Suid-Afrika te vind. Ek was 'n stigterslid van die Genootskap en vanaf 1956 tot 1962 het ek as tesourier en hoofbestuurslid behoorlik Historiese Genootskap geëet, gedrink en geslaap. Daar was tye in die laat vyftiger jare dat 'n mens in 'n heimlike vrees gelewe het dat die Genootskap en *Historia* veral, nie ou bene sou maak nie en weens 'n gebrek aan geld sou doodloop. Algaande egter het die oortuiging gegroei dat die beskeie poging besondere groeikrag besit en dat die Genootskap en *Historia* hul stigters en baie geslagte daarna sal oorlewe.

Die voorreg om weer kontak te maak, spruit voort uit 'n versoek om by die Jaarvergadering die openingswoord te spreek. Saam met die versoek om hierdie pligspleging te volvoer, was ook 'n suggestie, indien nie 'n bedekte opdrag nie, betreffende die onderwerp waaroor ek vanaand moet praat. Die gevolg van dit alles was dat ek in twee slaggate gelyk getrap het: ek het die uitnodiging aanvaar en ek het deels geval vir die onderwerp.

En by laasgenoemde het my onmiddellike en grootste probleem gelê. Terwyl ek bo-aan geskrywe het, *Verbreiding van ons Geskiedenisbeeld — Geskiedenis in ons Industriële Samelewing*, hoop ek ons kom daar uit met my paar gedagtes oor hervertolking, en re-oriëntering. Terwyl ek weet dat vertolking 'n voortgaande proses is wat hervertolking impliseer, dat elke tyd en periode vertolk en hervertolk en sy eie voorstelling van die verlede skep, moet ek sê dat by hierdie voortgaande proses van vertolking dit nodig word dat ons ons geskiedenisbeeld verbreed, dat daar 'n drastiese verskuiwing van ons historiese belangstelling moet kom sodat die vertolking van die feite van die verlede meer "relevansie" vir ons tyd het, 'n groter betrokkenheid. Dit moet ons bring by bestaansverheldering, selfbegrip en begrip van ander en die verstaan van die tyd waarin ons lewe. (Ek wil gou erken dat hervertolking, re-oriëntering, verbreding van die geskiedenisbeeld, verskuiwing van historiese belangstelling, ens, nie noodwendig gelykluidende betekenis in die historiografie mag hê nie, maar ek gebruik hulle asof dit die geval is).

Maar my verdere probleem: ek staan ver van die akademie verwyder en ek handel met 'n akademiese onderwerp wat normaalweg deur akademiese en professionele historici hanteer en doseer word. Ek is geen van beide, ek het maar net 'n lewendige belangstelling in die geskiedenis. Ek maak ook nie op oorspronklikheid aanspraak nie — veral nie oor die historiografie nie, daaraan waag kenners en toegewydes hulle normaalweg.

Versigtig en beskeie waag ek my nogtans aan die onderwerp welwetende dat gebrek aan tyd my nie toelaat om my nie-akademiese geskoolde gedagtes breedvoeriger en tot groter helderheid te omskrywe nie en dat baie van u oor die onderwerp my

---

Toespraak tydens die jaarvergadering van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, Universiteit van Pretoria, 28 Julie 1978.

die les kan leer. Ek kan ook aanvaar dat my gehoor nie net uit professionele historici bestaan nie — dit is onwaarskynlik, maar as dit so moet wees, is my lot net meer onbedenswaardig. Ek rig my dus maar tot die mede-ongeskooldes, hulle sal immers nie te krities wees nie en my tog nog aanhoor as die kenners begin brom dat eintlik maar opgewarmde voedsel voorgesit word. Bowendien het ons leke-broeders darem 'n aanloop nodig om beter begrip te kry waaroor dit gaan. Die naslaan en oplees om inligting te bekom en enigsins georiënteerd te raak was, hoewel miskien tydrowend, 'n prikkelende en verrykende ondervinding.

Daar is al gesê “geskiedenis is 'n diskussie sonder einde” en daar is al gevra waarom herhaalde bemoeiing met dieselfde tema. Kan feite en gegewens wat eenmaal geskrywe is nie as *waar*, *korrek* en *betroubaar* aanvaar word nie, kan sodanige feite nie as ewig en absoluut geld nie sodat dit nie nodig sal wees om die veld 'n tweede of volgende keer aan te durf nie? Ongelukkig kan dit nie, en wel om die volgende redes:<sup>1</sup>

- 1 Die bevolking is nie altyd homogeen nie. Uit verskillende taal-, kultuur- of volksgroepe spreek verskillende lewensbeskoulike agtergronde, houdings, opvattinge en politieke doelstellings en hulle stel nie dieselfde vrae aan die verlede nie, en daarom sal die antwoorde nooit dieselfde wees nie. Waar Bantoe, Boer en Brit byvoorbeeld almal terdeë deur die Groot Trek beïnvloed is, kan daar minstens na drie beelde van die Groot Trek deur drie groepe historici gesoek word. Die voorbeelde kan wat veral die sieninge van Afrikaner en Engelsskrywende historici betref uitgebrei word na die Tweede Transvaalse Onafhanklikheidsoorlog, die oorwinning van die Nasionale Party in 1948, Suid-Afrika se uittrede uit die Statebond, ens.
- 2 Die verlede self is nie 'n konstante grootheid wat op een manier vertolk kan word nie, dit kan nie geheel geken en begryp word nie. Prof. C.F.J. Muller sê byvoorbeeld in verband met die Groot Trek: “In soverre die geskiedskrywer een historiese verskynsel uit 'n reeks gebeurtenisse kan isoleer, is die Groot Trek vandag die belangrikste enkele verskynsel in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Die betekenis van die Groot Trek is egter nie konstant nie. Geen historiese verskynsel behou 'n volkome konstante waarde nie: allermens so 'n gevolgrype verskynsel. Sedert 1938 het die beeld van die Groot Trek reeds 'n treffende metamorfose ondergaan. ... In die toekoms sou dit kon gebeur dat die Groot Trek teen die nuwe agtergrond wat die opvolgende jare daaraan gaan voorsien, van songrootte tot stergrootte kan krimp”.<sup>2</sup>  
Die vertolkingsmoontlikhede van 'n gebeurtenis hang af van die aantal dokumente wat daarvoor beskikbaar is. Sodanige dokumente is ingewikkelde gegewens wat talle lewenssamehange en motiewe verbeeld en as dit alles onder nuwe vrae gebring word, nuwe aspekte van die werklikheid openbaar. Daarmee saam geld ook die feit van voortgaande verfyning van die historiese metode en tegniek en daarby kom nog die bystand van ander hulpwetenskappe asook die sosiale wetenskappe wat steeds meer ingespan word, en sodoende groter uitlegmoontlikhede daarstel.<sup>3</sup>
4. 'n Verdere rede vir die herhalende behandeling van dieselfde tema, lê in die his-

F.A. van Jaarsveld, Theo van Wyk, C.F.J. Muller, G.D. Scholtz, *Die Hervertolking van ons Geskiedenis*, pp. 10–15.

2. C.F.J. Muller, *Die Oorsprong van die Groot Trek*, pp. 18–19.

3. F.A. van Jaarsveld, *'n Inleiding tot die Studie van Geskiedenis*, 1974.

torikus self. In hom lewe en werk ook tradisies, volkskultuur, lewensbeskoulike standpunte, ens. Hy staan as "tolk" tussen die verlede en die hede en as latere mens, dit wil sê beïnvloed deur die afstand tussen hom en die gebeure, sien hy die gegewene uit 'n besondere perspektief. Soos wat die tydsgees, tradisies, maatskaplike, ekonomiese en politieke toestande verander, verander ook die vraagstelling aan die verlede. "‘n Vaste of, soos dit ook al genoem is, verskanste geskiedenisbeeld kan daar nie wees nie en sal ook nooit verkry kan word nie, omdat die historikus steeds gebonde sal bly aan die perspektief van sy eie tyd".<sup>4</sup>

5. Daar is egter 'n ander baie belangrike rede wat hervertolking van die verlede meebring en dit hang saam met 'n omvorming en ontwikkeling en verruiming van die geskiedenisbeeld van 'n gemeenskap of volk wat sterk onder die invloed kom van revolusionêre tydperke en omstandighede, of krisisse en katastrofes wat vrae na die toekoms en hede laat uitgaan en wat 'n hervertolking van die hede meebring.<sup>5</sup>

Die omwentelinge en veranderinge wat ons wêreld getref het, word baie paslik en raak deur prof. Van Jaarsveld beskrywe: "Miskien moet ons die veranderinge van ons tyd met die "Rewolusie van die Twintigste Eeu" omskryf. Dit is 'n omwenteling van wêreldomvang wat geen nasionale grense het nie. Die vernaamste feite hieruit is die ineenstorting van die Europese magsisteem en die Westerse Imperialisme; die opkoms van Rusland en die Verenigde State van Amerika; die opstand en vrywording van die Asiatiese en Afrikaanse volke en die verval van die supremasie van die blanke".<sup>6</sup> Hierdie wêreldhistoriese epog met sy globale afmetings moes noodwendig die toekomstige geskiedskrywing beïnvloed.

### Die Annales-skool in Frankryk

'n Duidelike bevestigende voorbeeld van hoe die geskiedskrywing wel beïnvloed is, vind ons in Frankryk waar die Annales-skool tot stand gekom het. Die grondslag vir dié skool van historiese denke en navorsing is na die Tweede Wêreldoorlog deur Henri Berr, Francois Simiand, Marc Bloch, Lucien Febvre en ander gelê. In die denke van hierdie skool is geskiedenis wat hom slegs toelê op die studie van die politiek skuldig aan die eensydige beklemtoning van een faktor in die ruim veld van historiese gegewene en daarom uitgedien. Ware geskiedenis lê in die studie van die menslike toestand en daarom word aan ekonomiese en sosiale oorwegings voorrang in die Franse geskiedskrywing verleen. "Volgens die Annales-skrywers moet die historikus hom wend tot die aanverwante dissiplines soos volkekunde, sosiologie, tegnologiese en wetenskaps-geskiedenis, met ander woorde die mens moet in sy totaliteit bestudeer word, dit is die mens-in-sy-samelewing".<sup>7</sup>

Sedert 1960 het die idees en metodes van die Annales-skool hul weg na baie lande van die wêreld gevind. Parys het die forum vir internasionale diskussies oor historiese metode en studie geword. Die geskiedskrywing van die skool het in 'n groter mate as enige ander groep die model geword vir die geskiedeniswetenskap dwarsdeur die wêreld.

4. G.D. Scholtz, 'n Herwaardering van die Laaste Helfte van die 19de Eeu. Vervat in *Die Hervertolking van ons Geskiedenis*, p. 82.  
Sien ook Maria Hugo, *Causaliteit in die Geskiedeniswetenskap*, p. 61.  
*Die Hervertolking van ons Geskiedenis*, p. 17; F.A. van Jaarsveld, *Geskiedkundige Verkenninge*, p. 118.  
*Die Hervertolking van ons Geskiedenis*, p. 18.  
*Geskiedkundige Verkenninge*, p. 228.

Die perspektief van die geskiedenis is oneindig verruim want die veld vir die historikus se belangstelling is uitgebrei tot alle aspekte van die lewe van die mens.<sup>8</sup>

Daar is nie tyd om aandag te gee aan regmatige kritiek wat teen die denkrigtings en metodes van die skool ingebring kan word nie, maar dat die Annales-skool vir ons historiese besef van waarde is, val nie oor te redeneer nie en breër en diepsinniger aandag sal aan hierdie verruimende perspektiewe gegee moet word.

Die oriëntering wat in die Duitse geskiedskrywing ingetree het na die uiteenbreek van die tradisionele geskiedenisbeeld met 'n verskuiwing van staat en politiek na sosiaal-ekonomiese swartepunte, ongeveer vanaf 1961, is baie interessant.<sup>9</sup> Dit bied ook 'n goeie voorbeeld van hersiening van 'n totale geskiedenisbeeld wat intree ná groot rewolusionêre gebeure of krisistoestande. Omdat daar egter teen die sewentiger jare geen hooftradisie, wat internasionaal beïnvloedend kon werk, meer in die Duitse geskiedskrywing bestaan het nie, word dit met hierdie kort verwysing daargelaat.

### Suid-Afrika ook in die Stroom

Suid-Afrika as verlengstuk van die Westerse beskawing in Afrika en ten nouste verbonde aan die lot van Wes-Europa kon die gevolge van die "Revolusie van die Twintigste Eeu" tog nie vryspring nie. Suid-Afrika was getuie van die aanslag teen die Westerse koloniale ryke — immers die Afrikaners was die voorste kampvegters teen koloniale oorheersing en imperialisme. Suid-Afrika het die terugtog van die Blankes uit Afrika aanskou maar self agtergebly om 'n staanplek vir Blankes en hulle belange in die "vrygeworde" Afrikakontinent, en meer bepaald in Suidelike Afrika, op te eis. Hierdie veranderinge, verskuiwinge van magte, afbraak en heropbou na ander modelle, raak ons plek in die wêreld baie wesenlik, en daarnaas raak dit ons binnelandse situasie baie radikaal en ingrypend.

Ons posisie is grondig verander en dit moet noodwendig ons geskiedenisbeeld en daarom die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing drasties beïnvloed en verander.

Die internasionale omstandighede, meer bepaald, wat hiertoe bydra, is die volgende:<sup>10</sup>

1. Die koloniale tydperk is onherroeplik verby en die gesag wat die Blanke oor die Nie-Blanke, sy gebiede en hulpbronne gehad het, bestaan nie meer nie. Die Nie-Blanke volkere tree vandag as gelykes en aktiewe medespelers op die wêreld se historiese verhoog op. (Daar is die herlewing van 'n nuwe kolonialisme — die Neo-kolonialisme wat vanuit Oos-Europa herlewe en die mikpunte en metodes daarvan vir ons vasteland is baie relevant).
2. Europa se mag was vroeër 'n groot waarborg vir Suid-Afrika se veiligheid. Dié mag het verswak en boonop help Europa aktief om die Swartman te emansipeer. Die kleurvraagstuk oorheers so te sê die internasionale politiek en aan dié saak is betrokkenes, en veral nie-betrokkenes, ywerige en bevooroordeelde meedoeners. 'n Belangrike platform en instrument tot hulle beskikking is die Verenigde Volke-organisasie wat as mondstuk van die wêreldgewete optree — of ontaard dit in die werktuig van hoofsaaklik die Marxistiese wêreld en die militantes van die Derde Wêreld?

8. F.A. van Jaarsveld, *Studieaantekeninge*, Universiteit van Pretoria.

9. F.A. van Jaarsveld, *'n Nuwe Oriëntering in die Duitse Geskiedskrywing, 1945—1977* - Aantekeninge vir Honneursstudente, Universiteit van Pretoria.

10. F.A. van Jaarsveld, *Ou en Nuwe Weë in die Suid-Afrikaanse Geskiedskrywing*.

Maar naas die buitelandse faktore was 'n samehang van binnelandse omstandighede, elk weer die komponent van meer samegestelde gebeure, besig om verandering op ongekende skaal in Suid-Afrika te weeg te bring.

In 1948, na die oorwinning van die Nasionale Party, word die beleidsrigtings van afsonderlike ontwikkeling met sy oorheersende volkere-inslag met versnelde tempo toegepas. Die Nasionale Party is nie net deur die binnelandse politieke klimaat begunstig nie, want die tydperk 1946/47 tot 1956/57 was een van die welvarendste tydperke in die ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika. "Die binnelandse aanvraag wat in die oorlogsjare onbevredig moes bly, is skielik ontketen, die buitelandse vraag was ewe groot; nuwe goudvelde is in Wes-Transvaal en die Oranje-Vrystaat ontdek — al die gebeure het die weg voorberei vir snelle nywerheids groei".<sup>11</sup>

Die proses van verstedeliking wat reeds aan die gang was, het in tempo toegeneem beide wat Blankes en Nie-Blankes betref. Ten opsigte van Swartmense het verskerpte instromingsbeheermaatreëls die beweging van mense van die landelike gebiede na die grootstad-komplekse enigszins aan bande gelê maar die natuurlike aanwas van die bevolkings wat toe reeds in die Swart stedelike woongebiede aanwesig was, was genoegsaam om getalle vinnig te laat groei. In 1911 was daar slegs 494 275 Swartmense, dit wil sê 12,3 persent van die totale Swart bevolking, in stedelike gebiede woonagtig en hiervan was 51,5 persent mynwerkers aan die Witwatersrand.<sup>12</sup> Tans woon ongeveer 4,5 miljoen Swartmense, dit wil sê 27,64 persent van die de facto Swart bevolking van 16 279 000, in stedelike woongebiede in Blank Suid-Afrika.<sup>13</sup> In 1970 was 86,8 persent van alle Blankes, 86,7 persent van alle Asiërs en 74,1 persent van die Kleurlinge in stedelike gebiede woonagtig.<sup>14</sup>

Die nywerheids groei en die verstedelikings proses het ook veranderinge in die tradisionele arbeidspatrone en -verhoudinge gebring; veral as gevolg van die tekort aan Blanke ambagslui, die veranderde houdings van Blanke vakbonde ten opsigte van Swart en ander Nie-Blanke werkers in poste wat vroeër deur Blankes beklee is, die druk van veral groot getalle Swart werkers wat tot die arbeidsmark toetree (in kwantitatiewe en kwalitatiewe terme), en die aandrang van bedryfsleiers vir die gebruikmaking van die beste beskikbare arbeid sonder inagneming van ras of kleur. Belangrik is ook die plaaslike bestuursregte wat aan stedelike Swartes toegeken is — van elementêre adviserende funksies tot vorms van outonome bestuursfunksies deur volle verkose liggame.

Die proses van verstedeliking en industrialisasie met daaruit voortvloeiende omstandighede wat weer komponente vorm van ander gebeure wat na vore tree, is nie verskynsels met 'n lang historiese verloop nie, dis verskynsels van ons dag en daarby seker die belangrikste verskynsels van ons tyd. Waar die oorspronge van hierdie prosesse en verskynsels lê moet deur die historikus nagespeur word. Verstedeliking, industrialisasie, die byeenwoon van miljoene mense in groot stedelike konsentrasies, moet die geskiedenis van die hele land, die suidland van ons kontinent beïnvloed. Verstedeliking verminder die graad van persoons- en groepsonderskeidinge en lewer uiteindelik probleme van identiteitsbehoud, maar ook ander verhoudinge en lewensverbande — sosiaal, kultureel, polities en ekonomies word beïnvloed, aangepas en

11. *Suid-Afrika 1977*. Amptelike Jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika, (Tweede Uitgawe.) p. 510.

12. *Swart Ontwikkeling in Suid-Afrika*. Die ekonomiese ontwikkeling van die Swart volke in die tuislande van die Republiek van Suid-Afrika, BENBO, 1976, p. 38.

13. *Suid-Afrika 1977*. Amptelike Jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika, (Tweede Uitgawe.) p. 234.

14. *Suid-Afrika 1977*, p. 34.

omvorm. Hoe hierdie prosesse verloop, watter nuwe verbande tussen mensegroepe ontwikkel, 'n breë begrip van groot moderne stadsgemeenskappe in Suid-Afrika moet die onderwerpe van ernstige studie vir ons word.

Die stad en dit wat industriële komplekse genereer, dwing veranderinge ook op 'n breër nasionale vlak af en die aard hiervan moet nagespeur word. Die invloed van een stad of besondere konsentrasie van mense kan natuurlik oorheersend wees op die nasionale geskiedenis. Soweto, en voeg daarby Johannesburg, met wat daar gebeur, staan so prominent in die nasionale en internasionale aandag dat dit geweldig invloed het op die aksies en besluite van plaaslike bestuursliggame, bedryfs- en handelsleiers, kerklike en staatsinstansies. Sal dit 'n invloed met afnemende intensiteit wees of sal dit die toneel bly oorheers? Interessant dat Johannesburg en die syne vantevore die toneel so oorheers het dat Suid-Afrika totaal verander is veral ook polities en staatkundig. Ek verwys natuurlik na die aanloop van gebeure tot die Jameson-strooptog, die Tweede Transvaalse Onafhanklikheidsoorlog en daaropvolgende gebeure.

Die politieke ontwikkelingsproses wat die Swart volke deurgemaak het en die stand van hul staatkundige ontwikkeling mag in dit wat tot hiertoe oorweeg is nie geïgnoreer word of in isolasie gesien word nie.

In Suider-Afrika, met die onafhanklikwording van selfregerende tuislande, kan nuwe state ontwikkel wat aansakeling mag soek by diegene wat Suid-Afrika beskou as die laaste oorblyfsel van Westerse Kolonialisme; of state wat saam met Suid-Afrika en ander bondgenote die nie-Marxistiese stategemeenskap van Afrika mag vorm.

Maar ten opsigte van verstedeliking en industrialisasie moet onthou word dat honderde duisende onderdane van onafhanklike en selfregerende gebiede in die industriële stadskomplekse van Suid-Afrika woon en werk, daar bestaan groot ekonomiese interafhanklikheid tussen die gebiede en die Republiek en diplomatieke spanninge kan verhoudinge op velerlei terreine beïnvloed. Met ander woorde dié state tree prominent na vore as faktore van aansienlike belang vir die buitelandse en huishoudelike beleid van Suid-Afrika.

Dit open 'n verdere studie- en navorsingsterrein, naamlik die ontwikkeling van die betrekkinge tussen die regerings van tuislande en onafhanklikgeworde gebiede en die regering van die Republiek veral wat betref toenemende grondwetlike en politieke outonomie, grondaansprake, hulpbronne, diskriminerende maatreëls en die status van Swartmense buite die tuislande en veral die in die industriële komplekse.

Oor die belangrikheid van studie en navorsing na al hierdie verskynsels glo ek nie dat daar te redeneer val nie. Die studie lê natuurlik op die terrein van die eietydse (kontemporêre, resente, tydgenootlike) geskiedenis.<sup>15</sup> Maar juis die positiewe aard weens die toepaslikheid en relevansie daarvan gee dit 'n groter belangstellingstrefkrag ook by leerlinge en studente.

Daar is natuurlike slaggate waarin die historikus by die bestudering en beskrywing van die eietydse geskiedenis kan beland. Baie van die besware wat betref die afstand en verwyderdheid van die gebeure wat ondersoek word (die nodige afstand sou dan ruimer perspektiewe, dieper insig en onvertroebelde oordeel bring) die historikus wat self te betrokke is by die deurleefde gebeure en 'n gebrek aan bronne is oordrewe en is al verkeerd bewys. In "Aims of History" sê D. Thomson dat daar groter probleme is as dié wat genoem is, en die grootste probleem wat die historikus ondervind "... is not, as a rule, dearth of information, of which he has superabundance, nor problems

15. Oor eietydse geskiedenis sien onder andere F.A. van Jaarsveld, *Geskiedkundige Verkenninge*.

of passionate personal involvement which are not unknown for historians of quite remote periods. It is not knowing what came after — a lack of the advantages of long-term hindsight normally enjoyed by historians".<sup>16</sup> Juis omdat die historikus nie weet wat volg alles op die gebeure wat hy beskryf nie, kan aan die eietydse geskiedenis nie die finaliteit toegeskrywe word wat by die tradisionele of verwyderde geskiedenis die geval is nie. Daarom sal voordurende herwaardering die aandag in beslag neem en so- doende perspektiewe ook duideliker omlin.

Beklemtoning van sosiaal-ekonomiese faktore en gemeenskapsverhoudinge soos dit histories gegroei het, moet baie intensiewe aandag geniet. Die rol wat kennis van die metodes en inhoud van hulp- of aangrensende wetenskappe soos die sosiologie, ekonomie, staatsleer, ontwikkelingsadministrasie, volkekunde, demografie, stedelike aardrykskunde, ensovoorts, kan speel, is reeds beklemtoon en blyk van al groter waarde te wees.<sup>17</sup>

Ek wil my relaas staak maar soos baie ander het ek, miskien onwetenskaplik, probeer beklemtoon dat ons tyd nuwe eise aan ons bemoeiing met die verlede stel. Die geskiedenis moet ons weer bewus maak van ons tydsomstandighede maar dan moet ook die lewendige, selfdeurleefde nagevors en te boek gestel word. Dis ook u taak om die geskiedenis weer aktueel te maak, of om die aandag vir die aktualiteit daarvan, dat dit weer omstrede geword het, op te skerp.

Oor wat reeds nagevors en gepubliseer is, kan ek my beswaarlik uitspreek want ek dra daarvan te min kennis. Dit skyn egter of al die gepraat en voorspraak vir arbeid op besondere belangrike werkterreine nog nie veel opgelewer het nie. Dié oordeel baseer ek op 'n rekenaarlus van geregistreerde temas vir verhandelinge — meesters- en doktorsgrade en ander studieopdragte — wat ek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing aangevra het asook inligting oor onderwerpe waaraan by die Instituut vir Eietydse Geskiedenis aan die Vrystaatse Universiteit gewerk word en inligting oor navorsingsonderwerpe in Staatsleer en Publieke Administrasie.

Oor politieke partye, politieke beleidsrigtings, politieke leiers, en buitelandse betrekkinge is daar baie onderwerpe maar oor verstedeliking en industrialisasie meer bepaald, bloedweinig. "Die Afrikaner se trek na die stede van die Witwatersrand" van J.J. Hugo (vir M.A.) en F.J. Nöthling se doktorsale dissertasie oor "Die Vestiging van Gekleurdes in en om Pretoria, 1900 - 1914" is die enigste. Daar is in die lyste 'n negetal verhandelinge oor arbeidsaangeleenthede van die stakings aan die Rand in 1913-1914 en 1922 tot die invloed van geskoolde Blanke arbeid in die Suid-Afrikaanse politiek van 1886 tot 1924.

'n Interessante onderwerp is dié van E.N. Katz, "Social and Political implications of an Industrial Disease — Silicosis on the Witwatersrand Gold Mines, 1902 - 1925" (vir D. Phil). Vir my as parlamentslid is die gevaarlikste of delikaatste onderwerp voorwaar "The Social Backgrounds and Political Recruitment of Members of Parliament and Senators in South Africa from the first Parliament in 1910/11 to the fifteenth in 1970", (N.M. Stultz). Daar is seker tog onderwerpe wat maar met rus gelaat kan word?

16. D. Thompson, *The Aims of History*.

17. F.A. van Jaarsveld, *Die Eise van ons tyd aan die Geskiedskrywing*, p. 20.

Sien ook interessante verwysing na hulpwetenskappe by bestudering van bepaalde onderwerp in "Historia", *Negende Jaargang* Nr. 2, September 1974, pp. 91 en 92.

Ek neem aan dat die Historiese Genootskap reeds duidelike mikpunte en doelstellings geformuleer het vir die bevordering van geskiedenis in ons veranderde samelewing.

Ek waag net om die volgende opmerkings by te voeg: Die Genootskap moet nooit verflou in die voorspraak wat hy maak vir die vormingswaarde van geskiedenis nie. Ook nie in sy strewe om 'n klemverskuiwing in die historiese belangstelling van die historiese persoonlikheid na die gemeenskap en die mens-in-sy-samelewing te verwerklik nie.

Terwyl die Genootskap homself sodoende diensbaar maak, moet hy steeds wagter op die mure wees teen subjektiwiteit wat die resultaat kan wees wanneer daar 'n besondere betrokkenheid by selfdeurleefde gebeure bestaan. Daarom moet daar ook protes wees teen pogings om die verlede te misbruik om kneg van die hede te wees want daar is ongelukkig die skeefgetrektes "... who are genuinely convinced of their impartiality and who tranquilly inject their biases into all their investigations and conclusions holdings that their biases are undisputed and indisputable truths".<sup>18</sup>

Met vertolking en hervertolking sal ons steeds seker nie by die volle waarheid uitkom nie want al is helder onbevange insig en die volle waarheid die strewe in ons vraagstelling aan die verlede het die wetenskap van die geskiedenis en sy metodes, ook ons wat dit hanteer, almal beperkinge. Prof. C.K. Oberholzer sê met Paulus: "Ons leef en beweeg deur 'n spieël in 'n raaisel — die Absolute in sy absoluutheid lê vorentoe, vandaar die pynlike onvolledigheid van die mens solank hy mens is en vandaar ook sy ewige verontrusting". Mag u en die Genootskap wel berusting vind in die belangrike werk wat u vir geskiedenis in al sy uitinge en verskyningsvorme verrig.

#### VERDERE GERAADPLEEGDE WERKE

Cronje, G. (red.), *Aspekte van die Suid-Afrikaanse Historiografie*. Pretoria, 1967.

Leistner, G.M.E. en Breytenbach, W.J., *The Black Worker in South Africa*. Pretoria, 1975.

Preller, G., *Historiese Opstelle*. Pretoria, 1925.

Van Jaarsveld, F.A., *Lewende Verlede*. Johannesburg, 1961. *Oor Geskiedenis en Geskiedskrywing*. Publikasie van die S.A.U.K., 1965. *Die Afrikaner en sy Geskiedenis*. Johannesburg, 1965. *Geskiedenis-onderrig in Suid-Afrika vandag*. Johannesburg, 1969.

18. Gaetano Salvemini, *Historian and Scientist*.